

Nuwe strategie om aftreedoelwitte te bereik

DEUR BUHLE NDWENI

Sal die waarde van jou aftree-inkomste verseker dat jy so gerieflik leef as wat jy gewoon is wanneer jy aftree?

Dit gaan nie oor die waarde van jou opgehoopde spaargeld en opbrengs op jou beleggings nie, maar oor aftreedoelwitte en die waarde *van jou toekomstige inkomste*.

Dit is wat die Suid-Afrikaanse aanspreeklikheidsgedrewe beleggingsbestuurder Colourfield en Robert Merton, Nobelprys-bekroonde ekonoom en afgetrede professor van die Harvard-universiteit, oor die toekoms van aftreepplanne sê.

Merton, 'n residentwetenskaplike by Dimensional Holdings, is vandeeweek deur Colourfield in Suid-Afrika verwelkom. Hy het met *Finweek* by Melrose Arch in Johannesburg gesels en die belangrikheid van vastebydrae-aftreepstrategieë (DC) benadruk. Dié strategieë verskuif die klem vanaf opgehoopde spaargeld en beleggingsopbrengste na individue se beleggingsdoelwitte en die instelling van maniere om te verseker dat hul geld groei om die geteikende waarde van toekomstige inkomste te bereik.

Colourfield is besig om die bekendstelling van 'n plaaslike DC-aftreepplan te finaliseer in vennootskap mat die multinasionale beleggingsfirma Dimensional Fund Advisors LP (Dimensional) ten einde die uitdagings van aftree- en pensioenfondse in Suid-Afrika die hoof te bied. Dié plan sal volgens Colourfield na verwagting binne die volgende ses maande bekendgestel word.

Colourfield se uitvoerende hoof, Costa Economou, sê die bedryf is grotendeels onbewus van hierdie soort doelwittegegronde aftreestategie en dat dit die rede is waarom baie mense met te min spaargeld aftree.

Economou sê iemand wat 40 of 50 jaar oud is en 'n aftreefonds het, sal waarskynlik vol vertroue wees dat hy of sy genoeg gespaar het. Maar wanneer so 'n persoon se toekomstige inkomste bereken word wanneer hulle nader aan aftrede is, dan besef hulle dat wat hulle as 'n toereikende bate beskou het (miskien R1 miljoen of R1,5 miljoen) heelwat minder is wanneer dit deur 'n versekeraar of voorsiener van 'n annuïteit in 'n pensioen omskep word.

DC SIEN DAT DIT
NOODSAAKLIK IS OM TE
VERANDER, ONS MOET
BESEF DAT DIE DOELWIT
AFTREE-INKOMSTE IS.
ONS MOET RISIKO MEET
VOLGENS INKOMSTE
EN NIE VOLGENS DIE
WAARDE VAN DIE
PORTEFEULJE NIE.

Om sake in perspektief te stel, sê Merton 'n persoon in Amerika wat nie risiko wou loop nie, so agt tot nege jaar gelede 'n skatkiswissel kon uitneem (die ekwivalent van 'n staatsobligasie in Suid-Afrika) wat deur die regering gewaarborg was. Destyds sou dit jou groei van 4% tot 5% gee, sodat dit op 'n belegging van \$100 000 ongeveer \$4 000 tot \$5 000 per jaar sou groei. En hoewel die bedrag wat vanjaar belê word, steeds \$100 000 is, sal jy een tiende van 1% op daardie skatkiswissel verdien, dit wil sê 'n skamele \$100. Hoekom? Dit is nie omdat die waarde van jou geld weens inflasie verminder het nie, maar omdat rentekoerse gedaal het, sê Merton.

“Die belegger het hom op die \$100 000 toegespits en die geld is steeds



Robert Merton
Afgetrede professor van die Harvard-universiteit.

\$100 000 werd, maar die probleem is dat die geld wat jy [tydens aftrede] op jou belegging verdien belangriker is omdat jy daarop moet lewe. Die belegger het die regte ding gedoen, maar met die verkeerde maatreef,” sê Merton.

Hy sê ook dat dit mense kan mislei omdat die verkeerde risikomaatreef gebruik word.

“DC sien dat dit noodsaaklik is om te verander, ons moet besef dat die doelwit aftree-inkomste is. Ons moet risiko meet volgens inkomste en nie volgens die waarde van die portefeulje nie,” sê Merton.

Merton sê die risiko moenie gegrond wees op die ouderdom van die lid van die fonds nie, maar hoe na aan die doelwit hy of sy daaraan is om die aftreedoelwit te bereik. En nadat die aftreedoelwit bereik is, kan risiko verlaag word.

Economou sê die meeste rade van trustees met wie hulle gepraat het, is gregtig vir dié soort strategie, en hulle is vol vertroue dat dit sal voldoen aan wat hulle vir lede van aftreefondse wil bereik. ■

terugvoer@finweek.co.za